and written about. Bulpin does grant the reader a short introduction on the subject matter. He does mention the lot of the African inhabitants after the formation of the Zuid-Afrikaansche Republiek, but does not go into details. His chief focus after Chapter 5 is the Voortrekkers, and the Africans are mentioned sometimes only in passing.

Bulpin's treatment in Chapter 9 of MW Pretorius is fairly objective, but is still coloured by some long-held prejudices like his inability to govern and the old claim that he was to blame for all the troubles of in the Transvaal in 1863. His treatment from Chapter 14 of TF Burgers is more objective, but he does grow a bit too sentimentally attached to Burgers by the end of Chapter 15. His objective and positive treatment of Burgers is unique for the time, as Burgers' reputation had not been properly rehabilitated for his actions during the Annexation of 1877. He and SP Engelbrecht broke new ground in objectively putting Burgers' actions into context. Bulpin also broke some new ground in writing on MW Pretorius, a person largely forgotten or ignored up to this time, and it appears still ignored. TF Burgers and SJP Kruger and their political actions and personal lives have been written about in many books, but Bulpin was the first to give voice to MW Pretorius.

This book is also one of a very few written of the period before SJP Kruger and his actions overshadowed the Transvaal's history. This publication fills a void partially for the student of history on the early Transvaal, a subject that still remains only partially written about or studied.

All in all, the book is well written as an introduction and as a romantic imagining of the subject, but cannot be called a strictly objective or academic source. On the subject, it is sadly one of the few publications, but hopefully it accomplishes what is hinted at: To serve as a framework for further academic study and publication.

## *Swanesang: Die einde van die kompanjietyd aan die Kaap, 1771-1795*

**(Pretoria: Protea Boekhuis , 2016, 599 pp., ISBN 978-1-4853-0098-4)**

**Karel Schoeman**

Juan Klee
*Universiteit van Johannesburg*
jklee@uj.ac.za

*Swanesang: Die einde van die kompanjietyd aan die Kaap* is die agste en laaste deel van die reeks *Kolonie aan die Kaap*. In hierdie reeks word die agteruitgang en verval van die VOC, en die gevolge wat dit vir die Kaap gehad het gedurende die laaste kwarteeu van sy bewind, beskryf. Karel Schoeman, een van Suid-Afrika se mees produktiewe skrywers in terme van talle romanse, novelles, dramatekste en historiese werke, slaag daarin om in hierdie verskillende historiese terugblikke omvattende beskrywings te gee van hierdie belangrike geskiedenis van die Kaap.

*Kolonie aan die Kaap* bestaan in total uit agt dele naamlik; *Die Europese samelewing en die stigting van 'n kolonie aan die Kaap, 1619-1715, Handelsryk in die Ooste: Die wêreld van die VOC, 1619-1688, Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste Blankes, 1652-1662, Burgers & amptenare: Die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662-1679, Here & boere: Die kolonie aan die Kaap onder die Van der Stels, 1679-1712, Twee Kaapse lewens: Henricus & Aletta Beck en die samelewing van hul tyd, 1702-1755 en Hoogty: Die opbloei van 'n koloniale kultuur aan die Kaap, 1751-1779.* Hierdie boeke kan afsonderlik van mekaar gelees word, maar die volle samehang van die geskiedenis wat daarin beskryf word kan slegs ten volle verstaan word as almal saam gelees word.

*Swanesang*, as die laaste deel van hierdie reeks, 'n titel wat as't ware die einde van die reeks aankondig, vorm een van die gesaghebbendste kultuurhistoriese werke oor die samelewing en omstandighede gedurende die einde van die agtiende eeu aan die Kaap. Schoeman ontleed verskillende aspekte van hierdie tydperk aan die Kaap. Hy fokus byvoorbeeld noukeurig op die bewindstydperke van spesifiek twee VOC goewerneurs naamlik J.A. van Plettenberg (1771-1785) en CJ van de Graaff (1785-1791). Gelyktydig daarmee skenk hy aandag aan wat hy noem "verkennings" in die tweede hoofstuk waar hy op 'n boeiende wyse die reise van verskeie natuurkundiges soos die Swede Thunberg en Sparrman, die Skotte Masson en Paterson, die Nederlander Robert Jacob Gordon en die Franse Sonnerat en La Vaillant bespreek. Hy skenk veral aandag aan die flambojante Le Vaillant wie se boeke oor die fauna en flora van die Kaap baie populêr was en ook baie bygedra het om die Kaap meer bekend te maak.

Schoeman spandeer ook baie aandag aan 'n bespreking oor die nuwe idees wat in hierdie tydperk in die wêreld hul beslag gekry het en ook hoe hierdie idees die samelewing in die Kaap beïnvloed het. Hy gaan verder deur te kyk

na die tydperke van die regimente en die eerste bedreigings vir die Kaap a.g.v. die veranderinge in die wêreld, polities en ekonomies, tussen 1783 en 1795 wat dan ook die einde van 'n era in die Kaap in gelei het.

In 'n poging om die rol van die gewone mense in die Kaap in hierdie tydperk te ontleed, kyk Schoeman spesifiek na die wêreld en lewens van drie amptenarefamilies naamlik die Westpalm's, Möller's en die Heijning's. Deur die ontleding van hierdie families slaag Schoeman daarin om die leser kennis te laat maak met die wel en weë van die gewone burgers in hierdie tydperk aan die Kaap. Hierdeur word die leser bewus van hoe die gewone burger die Kaap in hierdie tydperk ervaar het.

In Schoeman se geskiedskrywende tradisie dek *Swanesang* die tydperk vanaf die dood van goewerneur Rijk Tulbagh tot en met die eerste Britse besetting van die Kaap in 1875. Sy opvolgers, JA van Pletterberg, JC de Graaff, die waarnemende goewerneur Rhenius en die laaste goewerneur, JA Slysken, en die onsekerheid wat die laaste deel van die VOC-tydperk gekenmerk het, word in hierdie boek deeglik belig. In die laaste hoofstukke gee Schoeman ook aandag aan die Franse Rewolusie en ander politieke veranderinge in Europa wat gevolglik Nederland baie verswak het en bygedra het daartoe dat Brittanje die Kaap in 1795 kon oorneem.

*Swanesang,* kenmerkend van Schoeman se werke, is deeglik nagevors en bevat 'n in-diepte beskrywend van die Kaapse samelewing in hierdie tydperk. Hoewel soms moeilik om te lees a.g.v. die deeglike beskrywings en soms langdradige uiteensettinge van historiese feite en gebeure, is *Swanesang* tog 'n boek in eie reg. 'n Boek wat 'n interessante blik gee op die Kaapse samelewing in hierdie tydperk. 'n Verdere uitstaande kenmerk van hierdie werk is hoe die amptelike rolle van die verskeie VOC-amptenare sinvol ontleed word, maar ook hoe deeglik aandag geskenk word aan hulle karaktereienskappe en persoonlike lewens. Deur hierdie benadering slaag Schoeman daarin om die leser persoonlik met hierdie amptenare kennis te laat maak en om as't ware lewe te gee aan hierdie geskiedkundige figure. Met sy gedetaleerde en in-diepte beskrywing van die genoemde amptenare, in hul interaksie met die Kaapse samelewing van die tyd, slaag Schoeman ook daarin om vir die leser 'n beeld te skets van die lewens van die gewone mense in die breër Kaapse samelewing in hierdie tydperk.